BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

**BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS**

# Nuusbrief 1/2026

**25 Augustus 2026**

## In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe MicroSoft SQL databasis opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Genetics module opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuutste opgradering?**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**

Om die Engelse weergawe asook vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

## Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

BenguFarm is die afgelope drie maande aangepas om 'n Microsoft SQL databasis (in plaas van 'n Microsoft Access databasis) in die agtergrond te gebruik. Daar is ook 'n klompie nuwe funksies ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

**BAIE BELANGTRIK: Lees asseblief die opgradering intruksies wat verlede week gestuur is om te verseker dat jy verstaan wat die opgradering na die MicroSoft SQL databasis behels en watter stappe om te volg.** Indien jy enige probleem ondervind met die opgradering, kontak asseblief jou BenguFarm-agent vir hulp.

**Installeer asseblief die nuwe sagteware opgradering [v19 Augustus 2026 (C)]** om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kry. Indien jy nog die v19 Augustus 2026 (A) weergawe het, opgradeer asseblief na die (C) weergawe, aangesien enkele regstellings intussen gemaak is.]

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- **Indien jou rekenaar se antivirus sagteware die web-opdaterings funksie in BenguFarm blok, mag dit nodig wees om "Exceptions" te stel sodat die opdatering kan installeer.** Hierdie foutiewe klassifisering van 'n veilige program as skadelik staan in die anti-virus bedryf bekend as 'n "false positive". Die instruksies hoe om "exceptions' te stel, verskil van anti-virus tot anti-virus sagteware. Verwys na jou anti-virus sagteware se hulpdokumentasie en/of kontak jou BenguFarm agent om te help. Die lêers wat gewoonlik so foutiewelik geblok word is die opdateringsprogram, BBAutoUpdate48.exe (of die ouer

weergawe BBAutoUpdate.exe). Die leêrs is geleë in die BenguFarm installasie gids, gewoonlik C:\Program Files (x86)\BenguelaSoft\BenguFarm\.

# Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE toep

**Installeer asseblief die nuwe opgradering (v19 Augustus 2026)** om te verseker dat dit versoenbaar is met die MSSQL weergawe van BenguFarm op jou rekenaar.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Kyk vir Opgradering / Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates > Download and Install BenguFarm (TM) MOBILE 19 Augustus 2026 Update. Laai af en installeer die opgradering vir Android.
- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal, indien so gestel, outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

# Nuwe Opgradering – BenguFarm GENETICS

**Installeer asseblief die nuwe opgradering (v19 Augustus 2026)** om te verseker dat dit versoenbaar is met die MSSQL weergawe van BenguFarm.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **Om jou BenguFarm GENETICS module te opgradeer,** gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates > Download and Install BenguFarm (TM) GENETICS v19 Augustus 2026 Update. Laai af en installeer die opgradering.

# Wat is nuut in die nuutste opgradering?

## All modules:

- **BAIE BELANGRIK: BenguFarm is aangepas om 'n Microsoft SQL databasis (in plaas van 'n MicoSoft Access databasis) in die agtergrond te gebruik.**
- Belangrik: Twee nuwe opsies saam met die Veeverwyderingsertifikaat verslag is nou beskikbaar:
    - Druk Veeverwyderingsertifikaat [Art. 8(1)].
    - Druk Dokument van Identifikasie [Art. 6(1)].
    - Gesondheidsverklaring.
- Belangrik: Op die inentingsverslag [Verslae > Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings] word die elektroniese ID nommer (EID) nou op die verslag ingesluit. Daar is ook op die Werksblad 'n Kopiëer na Clipboard funksie bygevoeg.
- Belangrik:CSV Intrek skerm: Sekere velde onder Algemeen is geskuif na 'n nuwe Identifikasie afdeling. Die res van die velde onder Algemeen is herrangskik om meer logies te wees.
- Belangrik: Diere Gesien verslag (Verslae > Dierlyste en -getalle > Diere Gesien): Nuwe verslag opsie "Aktiewe Diere nie Gesien nie" links bo bygevoeg. Die doel met hierdie opsie is sodat jy maklik die diere kan lys wat aktief in jou kudde is en nie gesien het nie. Die laaste datum gesien, indien van toepassing, sal vertoon in die Gesien deel van die verslag. Twee skakels is onderaan bygevoeg:
    - Verander Diere (Tabel formaat): Diere wat in die "K" kolom gekies is sal in die Verander Diere skerm oopmaak waar hulle dan maklik verander word, bv. om hul status te verander.
    - Verkope, Vrektes en Uitskotte: Diere wat in die "K" kolom gekies is sal in die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm oopmaak. Veral saam met die "Aktiewe Diere nie Gesien nie" verslag opsie kan die aktiewe diere wat nie gesien is nie, aangeteken word as vermis/verkoop/dood, ens.
- Belangrik: Kondisiepunte kan nou aangeteken word met een desimaal (bv. 3.5) op PC program en Mobile app.
- Vervoersertifikate moet nou volgens wet 5 jaar gestoor word. As 'n art 6 of 8 sertifikaat gedruk word, sal 'n pdf kopie nou outomaties gestoor word in die Export omslag in 'n RMIS subgids.

- Opstellings > Groepe en Kampe > Kategorie = Bestuursgroepe > Voeg By/ Verander/Verwyder: 'n Opsie is bygevoeg om nuwe kalwers/lammers in hierdie groep te sit wanneer dit op die Kalwing/Lamming skerm aangeteken word.
- Op die Cloud/Mobile Gebruikers skerm is 'n Teken Af knoppie bygevoeg.
- Weidingbenutting verslag: Indien 'n kamp meer as 100% benut is, word die % Benutting in rooi aangedui, bv. **120**.
- Gewigte, Mates en Punte nie Gekoppel aan 'n Toets nie:
  - 'n Koppie "Voeg by vir Diere Geweeg" is by die Mates en Punte skerm bygevoeg. Die stoor van gewigte sal nou nie die Gewigte blad leegmaak nie aangesien die Voeg by vir Diere Geweeg die lys by gewigte neem as seleksie om rekords by die Mates en Punte blad by te voeg. So kan 'n gebruiker self kies watter eienskappe bykomend tot die gewig ingevoer moet word.
  - 'n Opsie "Vertoon Gewig Kolom" by Mates en Punte nie aan 'n Toets gekoppel nie is bygevoeg. Gewigte kan dus nou direk op die Mates en Punte skerm ingelees word. Slegs gewig en tipe gewig kan ingevoer word.

## Sheep & Goats module:

- Belangrik: 'n Wol Prestasietoets verslag is bygevoeg. Gaan na Verslae > Produksie > Wol Prestasietoetse. Daar is 'n Vertoon Verslag opsie (om direk die verslag te skep) en 'n Vertoon Werksblad opsie. Ons beveel aan om eers die werksblad te vertoon, want op daardie skerm kan by Kies Kolomme om te Vertoon gekies word watter kolomme om in te sluit in die verslag en watter nie. Diere kan ook gekies word om aan 'n groep, bv. 'n uitskot- of verkoopgroep, te koppel.
- Gewigte vir Prestasietoetsing > Trek Bestaande Gewigte In: 'n Nuwe opsie "Trek Gewigte In geneem op Ouderdom ___ tot ___ dae naaste aan ___ dae oud" is bygevoeg.
- Ouderdomsgrense vir prestasietoets gewigte: Volwasse gewig (W4) se maks ouderdom verander na 540 dae.
- SLEGS STOETKUDDES: 'n Waarskuwing is bygevoeg dat kontemporere groepe op dieselfde dag geweeg moet word vir teelwaarde berekening doeleindes.
- 'n Ikoon vir die Voerkraalbestuurder is bygevoe op die hoofskerm.
- Voerkraalbestuurder > Voer en Kamp Aktiwiteite > Voervoorraad: Twee opstellings knoppies, een vir Voer en die ande vir Diverse Voorraad.
- Die volgende rasse is byvoeg:
  - Cyprus (bok)
  - Rahmany (skaap)
  - Barki (skaap)

## Beef module:

- Belangrik: SLEGS STOETKUDDES: Vergelyk BenguFarm en Logix Kuddelyste: Net na die 'In BF" kolom, is 'n Kolom "Kudde" byvoeg sodat die gebruiker kan sien in watter kudde die betrokke dier in BenguFarm is.
- Belangrik: Kondisiepunte kan nou in 0.25 inkrimente aangeteken word (op 'n skaal van 1 tot 5).
- Op die hoofskerm se Kudde Uitleg is 'n kolom vir PPJ (Produksie per Produktiewe Jaar) bygevoeg onder die Nageslag afdeling. Gaan na Vertoon Opsies op dit te kies, indien verkies.
- 'n Ikoon vir die Voerkraalbestuurder is bygevoe op die hoofskerm.
- Voerkraalbestuurder > Voer en Kamp Aktiwiteite > Voervoorrad: Twee opstellings knoppie, een vir Voer en die ande vir Diverse voorraad.

## Game module:

- Horingmates Evaluasie skerm en verslag: Diere se ouderdom in die "Oud" kolom word nou in maande (met een desimaal) in plaas van dae vertoon.
- Stamboom verslag > Druk My Uitleg: 'n Opsie is bygevoeg om die die *maksimum* horinglengte in plaas van die laaste horingmate te vertoon.

## Mobile toepassing ("app"):

- Belangrik: Aangepas vir versoenbaarheid met die MSSQL weergawe van BenguFarm.
- Spaans en Portugees taalopsies is bygevoeg.

## Genetics module:

- Belangrik: Aangepas vir versoenbaarheid met die MSSQL weergawe van BenguFarm.

# Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm module se handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse Handleiding / English Manual. Om die MOBILE toep se handleiding af te laai, gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Sinchroniseer BenguFarm MOBILE en kliek op Handleiding. Die handleidings kan ook afgelaai word by www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

oooOOOooo